



menlo-insig

2/2025

30 Januarie 2025

LIEWE MENLO

Daar het vandeeweek 'n feestelike atmosfeer op Menlo-bodem geheers, want die skool het verjaar! Die Insig leen graag die woorde van gelukwensing wat deur me. Gisela Rolfes van die Menlobond en oud-onderhoofdogter (1991) aan die skool oorgedra is. Die toespraak is verkort.

Dit is 'n voorreg om die skool se 62ste verjaarsdag te vier. 'n Skool wat nie net die lewens van Parkies en oud-Menloparkers help vorm het nie, maar ook die gemeenskap rondom ons.

Die Menloparkse Hoërskool het klein begin. Daar was slegs 372 leerders (stander 6, 7 en 8); ongeveer soveel soos vanjaar se matrieks. Twee jaar later het die skool se eerste matriekgroep hulle skoolloopbane voltooi. Dink jou in hoe dit sou klink as die eerste hoofleiers, Chris Derksen en Gardiol Bergenthyn, hulle klasmaats op die nuwe Menlo-manier sou groet: "Goeiemore Matrieks van 1965!"

Van daardie nederige begin het ons pragtige skool tot die merkwaardige instelling wat ons vandag ken, gegroei. Weet jy dat meer as 30 000 Parkies al op hierdie stoepe gewissel het om die tradisies wat Menlo so spesiaal maak, te vestig en oor te dra? Hierdie voorlopers het elkeen diep spore op Menlo-bodem getrap. Dit is as gevolg van hulle dat ons vandag as trotse Menloparkers hier staan, want vir meer as ses dekades is Menlopark 'n plek waar harde werk, toewyding en integriteit bo alles gewaardeer word.

Nou is dit *julle* beurt. Dit is *jou* oomblik. *Jou* kans om te help bou aan hierdie ongelooflike instansie. Wys jou maats wat dit beteken om hard te werk, om met integriteit op te daag en om altyd die hoogste na te streef. Jou optrede, gesindheid en werksetiek sal die grondslag lê waarop die volgende generasie Parkies die skool se toekoms bou. 'n Ware Menloparker neem aktief deel aan take, handhaaf hoë standaarde en toon 'n onwrikbare verbintenis tot die skool se doelwitte.

Elkeen van julle help om die toekoms van hierdie skool te definieer, net soos wat elke oud-Parkie gehelp het om die skool se verlede te vorm. Vandag is meer as 'n herdenking – dit is 'n weerspieëling van die geskiedenis wat ons almal saam gebou het en die nalatenskap waaraan ons steeds bou.

Geluk Menlo! Excelsa Petamus, streef die hoogste na!



MENLO MA'S WAT
OMGEE

Ouers word na die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, uitgenooi. Navrae en gebedsversoeke: 082 579 4968.

Teks: Psalm 143:8: Laat my elke môre u liefde ondervind, want in U stel ek my vertrou.

DAGBOEK

3/1

Atletiek: 38ste Jaarlikse Uitnodigingsbyeenkoms (Tuis)

3/2

Redenaars: Afrikaans onvoorbereide uitdunne (Gr. 8 en 9, A104, 14:30 – 18:00)

Drama: Ouerinligtingsaand (Ouditorium, 18:00)

4/2

Redenaars: Afrikaans onvoorbereide uitdunne (Gr. 8 en 9, A104, 14:30 – 16:00)

Akademie: Toekenningsaand (Gr. 8 en 9, 17:00; Gr. 10 – 11, 19:00)

5/2

Redenaars: Afrikaans voorbereide uitdunne (Gr. 8 en 9, A104, 14:30 – 18:00)

Atletiek: Noordheuwel Top 15 (weg)

Tennis: Boland Landbouskool Tennistoernooi (Paarl)

6/2

Redenaars: Afrikaans voorbereide uitdunne (Gr. 8 en 9, A104, 14:30 – 18:00)

Swem: Gala

Gholf: Ouerinligtingsvergadering (Ouditorium, 18:00)

Studiemetodekursus: (F102, 14:15 – 15:15)

DIE HOËRSKOOI MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

KULTUUR

Prestige-aand

DINSDAG 25 FEBRUARIE 2025 | 18:30
ATTERBURY TEATER

Kaartjies: www.seatme.co.za @ R120



AKADEMIE

Parkies leer met leer

TAU Leather Company vervaardig leerprodukte en aangesien leer onlosmaaklik deel van skoolgaan is, het die onderneming besluit om seker te maak dat Menlo se hoofleiers, Ryan Hill en Ininke Human, voorbereid vir 2025 se leeruitdagings is.

Baie dankie aan TAU en mnr. Phillip Pretorius vir 'n heerlike bederf!

DIE HOËRSKOOI MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDELT 1963

Skoelondersteuningsentrum se

MATRIEKVERSLAG

SKOLE

2024

Nr. 1

**GEMENGDEN SKOOL IN SA
MET DIE MEESTE A'S PER
KANDIDAAT!**

DIE HOËRSKOOI MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDELT 1963

Skoelondersteuningsentrum se

MATRIEKVERSLAG

SKOLE

2024

OPSOMMING VAN VAKKE

	Provinsiale posisie (Totale aantal A's per vak)	Nasionale posisie (Totale aantal A's per vak)
Afrikaans (Huistaal)	1	1
English (FAL)	1	2
Rekeningkunde	1	2
Fisiese Wetenskappe	1	5
Wiskunde	2	4
Lewenswetenskappe	2	14*
Ekonomie	2	11*
Inligtingstegnologie	3	4
Wisk. Geletterdheid	4	4

*Meeste A's per getal kandidate

• Die Skoelondersteuningsentrum stel jaarliks 'n verslag oor die matriekuitslae op.
• Die verslag sluit nie alle vakke in nie.

MUSIEK

100%-Parkies

Kaylim Bushby het volpunte in die volgende UNISA-eksamen behaal:

Klavierteorie Graad 3

Welgedaan met 'n puik prestasie. Volg gerus die [skakel](#) om meer oor Menlo se manjifieke musiek-akademie te wete te kom.



ORKES

Intussen het mnr. Eddie Clayton, orkesleier, sy hande verlede week vol gehad, want talentvolle Parkies het in groot getalle vir die oudisies opgedaag. Menlo se 2024-ensemble is nou 'n volwaardige orkes en die Insig sien uit na dié musikale span se eerste optrede.



PERDRIY

Menlo: perd van 'n ander kleur

Die 2025-perdesportseisoen het verlede naweek met die Menlo-skou by die Bellevue Equestrian Estate afgeskop. Hierdie byeenkoms het aan ruiters van alle ouderdomme die geleentheid gebied om die stof van hulle saals af te skud en hulle vaardighede in Show Jumping en Dressage op die proef te stel. Met 'n rekordgetal inskrywings is die Menlo-perdesportskou een van dié gebeurtenisse op die perdrykalender.

Baie dankie aan die ruiters wat hulle talente by die skou ten toon gestel het. Die Insig wil nie die wa voor die perde inspan nie, maar as die skou enigiets oor die toekoms voorspel, sal die opponerende skole hulle sokkies vanjaar moet optrek.

Die Parkies wat diens gedoen het, me. Lizé du Plooy asook die ouers wat seker gemaak het dat alles vlot verloop, verdien óók 'n spesiale woord van dank.

Die goedbeplande skou en onberispelike optrede van die Parkies het dit weereens bewys:

Menlo is 'n perd van 'n ander kleur.



Geen keer aan Menlo-masjien

Die Menlo-atlete is aan't opwarm vir die 2025-seisoen en daar is reeds heelwat rede vir opgewondenheid. Nie net het die Parkie-atlete 'n rekordoes van eerste plekke en APE-punte ingesamel nie, maar het hulle die byeenkoms by Hoërskool Noordheuwel oortuigend gewen. Daarby spog Menlo met die beste toeskouers, graad 8's, Matriekraad én dirigente.

Baie dankie aan elke personeellid, afrigter en beampte wat tot die sukses van Menlo-atletiek bydra. Ons noem graag die volgende uitslae – hartlik geluk aan die volgende atlete wat minstens 900 punte op die APE-tabel behaal het:



Dogters

Chirsté Loedolff	O. 19	Diskus
Megan Nieman	O. 16	100 m-hekkies
Merlé Jv Rensburg	O. 17	Diskus
Daniëlla Fourie	O. 15	Diskus
Annerike Heyneke	O. 16	800 m
Liné de Villiers	O. 16	800 m
Sunelle Burger	O. 14	90 m-hekkies
Janelle Kirkpatrick	O. 15	200 m

Seuns

Jaco van Dyk	O. 15	Gewigstoot (behaal volpunte op die APE-tabel)
Joshua Gerber	O. 16	Diskus
Erik Senekal	O. 17	Gewigstoot en Diskus
Jaco van Dyk	O. 15	Diskus
Chris Swanepoel	O. 17	Gewigstoot
Leon Stoltz	O. 16	3 000 m

MUURBAL

MMA begin 2025 op 'n hoogtepunt

Joseph Myers (o. 16) en Riaan Agenbacht (o. 16) het uitstekende uitslae by Easterns se Junior Ope behaal:

Joseph Tweede in die o. 19-afdeling (selfs al is hy 'n o. 16-speler)
Riaan Wen die o. 16-afdeling

Hartlik geluk aan die twee muurbal-ambassadeurs!

Muurbalspelers (en voornemende muurbalspelers) word herinner aan die oefeninge wat volstoom aan die gang is. Die liga skop op 17 Februarie af en Menlo-muurbal is absolut gereed!



SWEM

Interhuisregstelling

Parkies presteer soms vinniger as wat rekenaars, tellinghouers en beoordelaars kan byhou!

Chanel Veldsman (o. 16) verbeter die 50 m-borsslagrekord, terwyl die 50 m-rugslagrekord aan Katelyn Fourie (o. 16) behoort. Die senior victrix ludorum word deur Chanel en Kaitlyn gedeel.

Baie geluk!



ALUMNI



Menlo vir altyd!

Menlo vir altyd!

Die skool het onlangs verneem dat Lelize van der Walt (2024) een van die land se top-10-presteerders in die Alpha Wiskunde-eindeksamen was. So 'n prestasie kan nie ongesiens verbygaan nie en daarom is verlede jaar se toppresterder genooi om vandeeweek 'n draai by die amfi-opening te maak. Hartlik geluk!

Alle oud-Menloparkers word daaraan herinner om die skool van hulle prestasies in kennis te stel en om by die Menlobond aan te sluit, want #jouplekismenlo. Hou die Menlobond se sosiale media en webwerf dop!



Menlo behaal vierkuns!

Baie geluk aan Menlo se krieketspelers en -afrigters met puik uitslae.

Menlopark o. 15 A teen Garsfontein o. 15 A

Menlo 137/3 (Niël van Zyl 55*, Anton de Klerk 59)
Garsfontein 126/8 (Kayden du Plessis 2/17, Anton de Klerk 2/27)
Menlo wen met 11 lopies.

Menlopark 1ste XI teen Zwartkop 1ste XI

Menlo 220/1 (Matt van der Westhuizen 89*, Dian van Zyl 94*)
Zwartkop 135/9 (Jordan van Eck 4/27)
Menlo wen met 85 lopies.

Menlopark o. 15 A teen Rustenburg o. 15 A

Menlo 258 almal uit (Anton de Klerk 119, Schalk van Ettinger 58)
Rustenburg 83 almal uit (Daniel O'Connel 4/7)
Menlo wen met 175 lopies.

Menlopark 1ste XI teen Rustenburg 1ste XI

Rustenburg 108 almal uit (Tiaan Serfontein 2/16, Johan Bosch 2/26, Murray Hofmeyr 2/30)
Menlo 109/5 (Matt van der Westhuizen 37, James Bronkhorst 32)
Menlo wen met 5 paaltjies.



Rekordboeke herskryf

Dian van Zyl, kaptein van die eerstespan, het die rekordboeke vandeeweek met 'n allemin-tige telling van 183 lopies van 104 balle (14 x 4; 16 x 6) in 'n wedstryd teen Hoërskool Wa-terkloof herskryf.

Die vorige rekord (181 lopies) het aan Graeme McCreath behoort en is in 2017 aangete-ken. Die Insig voorspel dat die krieketblaaie reg oor die wêreld vir Dian wink en dat hierdie uitstekende prestasie slegs die begin is...

Hou hierdie spasio dop.





MENLO-INLIGTING

MENLO-SPORTWINKEL 1

(Sportklere, Menlo-ondersteunersdrag & Menlo-sambrele)
Kontakpersoon: Mnr. Tinus Vermaak
(082 322 6081)

1ste tot 3e kwartaal

- Maandag, Dinsdag & Donderdag: 13:30 - 14:30
- Woensdag & Vrydag: 07:00-08:00

4e kwartaal

- Maandag, Dinsdag & Donderdag: 13:45 - 14:15
- Woensdag & Vrydag: 07:15-07:45

MENLO-KLEREBANK 2

Kontakpersoon: Me. Lize Preston
(lize.preston@menlopark.co.za)
Slegs per afspraak.

SPORTKLERE MET KARAKTER 3

Kontakpersoon: Me. Estelle Velloen
(estelle.velloen@menlopark.co.za)

BEMARKINGSKANTOOR 4



ALGEMEEN 7

- Die onderwysers se kontakbesonderhede is op die skool se webblad beskikbaar.
- **Menlo is kontantloos!**

EKSTRA KLASSE 5

Wiskunde:

Graad 8: Maandae
Graad 9: Woensdae
Graad 10: Dinsdae
Graad 11: Maandae
Graad 12: Donderdae
Inligting (tye en lokale) is by wiskunde-onderwysers beskikbaar.

Fisiese Wetenskappe:

Graad 12: Maandae in D2
Graad 11: Dinsdae in H9
Graad 10: Donderdae in H10

Fisiese Wetenskappe (vraag-en-antwoordsessies)
Klastye: 14:10 - 15:00

TOETSROOSTERS 6

Raadpleeg die skool se webblad.

MARKPLEIN

Julle is helde!



Baie dankie, WIRUlink. Julle is helde. Dankie dat julle die tyd geneem het om die probleem te analiseer en dit op so 'n professionele en vinnige manier op te los. Julle is ongelooflik, en ek kan julle nie genoeg bedank nie!

Reghardt

Jou **BESTE** Plaaslike Internet Verskaffer.



Saturday, 3 Feb 2024 at 06h00

Castle Gate Shopping Centre

[Enter Now](#)

● 21,1 km ● 10 km ● 5 km (Charity Run)



Die nutsman

Cornelius Steyn: 081 421 9233

Moenie dat instandhoudingstake jou onderkry nie. Skakel Cornelius vandag indien jy hulp nodig het met: staalwerke / Hekmotors / Loodgieterswerk / Sekuriteitsheining & CCTV-kameras